

# Nuusbrief 19



Nuusbrief van Huis Kalahari Visser en Huis McFarlane



Nuusbrief van Huis Kalahari Visser en Huis McFarlane

Die derde kwartaal was weereens vol Interskole-opwinding! Die koshuisgange en kamers is mooi versier. Dit is wonderlik om te sien hoe ons kinders al die aktiwiteite en feestelikhede wat daarmee gepaard gaan, geniet het.



## BELANGRIKE DATUMS

**29 AUGUSTUS  
GR. 12 EKSAMEN  
BEGIN MET  
VRAESTELLE**

**1—3 SEPTEMBER  
UITNAWEEK  
ASOOK  
HUISKOMITEE-  
KAMP**

**29 SEPTEMBER  
MATRIEKAFSKEID**

**29 SEPTEMBER  
SKOOL SLUIT**

**9 OKTOBER  
SKOOL BEGIN**

### LEERERSAKE

Die verkiesingsproses vir die 2018-Huiskomitee is afgehandel en die nuwe HK sal eersdaags aangekondig word. Baie dankie aan die huidige HK vir die wyse waarop hul die koshuissake hanteer het. Julle het hierdie groot taak met soveel ywer aangepak!

Die ontspanningsaal is geverf en gemaklike leunstoel is aangekoop uit die winste van die koshuisdinee. Baie dankie aan ons koshuishoofdogter, Chrizelle du Plessis, vir die loods van hierdie projek.

## DISSIPLINE

Daar is 'n tendens onder sommige ouers om hul kinders reeds op 'n Donderdag te kom haal. Hierdie leerders is meestal op Vrydae afwesig van skool. Dit veroorsaak dat die skool 'n uitermate hoë afwesigheidsyfer het.

Die afwesigheidsyfer het reeds tot gevolg dat ons opdrag van die WKOD ontvang het om vanaf 2018 ons toetsreeks, en veral ons eksamens, tot op die laaste skooldag van elke kwartaal te skryf. U moet asb u vakansieplanne daarvolgens tref aangesien slegs 'n mediese sertifikaat sal verhoed dat afwesige leerders die punte verbeur vir die vraestelle wat hulle nie geskryf het nie.

Neem asb ook kennis dat ons reeds gewaarsku is dat verdere beperkings op ons skool se aktiwiteite op ons wag indien die situasie nie verbeter nie. Dit sluit in:

1. Daar mag minder eksamendae aan ons toegestaan word om onderrigtyd wat verlore gaan weens die hoë afwesigheidsyfer, in te haal. Die implikasie is dus dat leerders 'n baie ongunstige eksamenrooster gaan hê;
2. Ons mag moontlik nie verlof kry vir sportbyeenkomste of toernooie wat gedurende skooltyd plaasvind nie;
3. Ons gebruik om die skool reeds om 13:00 te verdaag op die dag waarop 'n koshuis-tuisnaweek begin, mag in die gedrang kom.

Derhalwe doen ons 'n ernstige beroep op alle ouers om asseblief nie hul kinders onnodig te kom haal nie en maak staat op u samewerking in die verband.

## FINANSIES

Baie dankie aan diegene wat getrou is met die betaling van losiesgeld. Ouers word versoek om alle agterstallige losiesgeld so gou as moontlik te vereffen.

## INFRASTRUKTUUR/PROJEKTE:

### Huis McFarlane

Asbes-watertanks is vervang met nuwe plastiektenks

Alle vensterrame aan die agterkant van die dogterskoshuis is vervang

Nuwe gordyne is aan die seunskant gehang

Deurkosyne aan die seunskant is geverf



### Huis Kalahari Visser

Die binnehof is geplavei

Die dienskamer se badkamer is opgradeer



## HUISHOUDING:

Koshuispersoneel mag ongelukkig nie medikasie aan olike leerders verskaf nie. Ons versoek u vriendelik om asseblief toe te sien dat u kind basiese medikasie vir alledaagse gebruik byderhand het.

## PERSONEEL

Tydens Interskole is ons koshuispersoneel genooi na Hoër Jongenskool. Hierdie gesellige saamkuier is 'n jaarlikse instelling wat die personeel terdeë geniet!

Baie geluk aan mevv. Kinna Loubser en Daphne Jeppe wat onlangs bevorder is.



## KOMMUNIKASIE/BEMARKING:

'n Namibië-saamtrek vind op 5 Oktober 2017 te Windhoek plaas. Skakel asb met mnr. André Compion by 078 157 0387 indien u die verrigtinge wil bywoon.

**Vriendelike groete**

**André Oberholzer**

**KOSHUISHOOF**



# INTERSKOLE 2017

